At Sokeng, *Sterculia rogersii* occurred in stream beds along the dry hot north and north-western slopes. It's a fairly common tree and some well-developed specimens occur along the hiking routes. Because of its limited distribution in dry lowveld savanna it is not a well-known species and therefore its sighting is a treasure.

Main trunk with its typical bark pattern

Small flowers

Old fruit

Figure 4. Main trunk , flowers and fruit of ***Sterculia rogersii*** photographed at Sokeng during August 2019

454 *Heteropyxis canescens* (boslaventelboom / forest lavendertree)

Heteropyxis canescens is one of those rare trees that need to be on a South African Dendrologist bucket list. The tree nearly always is associated with streams and riverine forests. It is mostly a medium size tree but can reach 20m in exceptional circumstances. The genus *Heteropyxis* is confined to Southern Africa and the species *H. canescens* is endemic to the Eastern Drakensberg escarpment (Figure 5). The species are classified under the family Myrtaceae / Heteropyxidaceae.

Palgrave (1991) described the bark colour as grey which do not accurately describe this trees interesting bark colourations. The mature bark pattern has a rough pitted appearance with a light grey, brown, ecru mottling colour in comparison to *H. natalensis* which bark is pale grey and thinly flaking (Figure 6). The leaves are arrange alternate and are narrowly elliptic up to 15cm x 3.5 cm (*H. natalensis* are typically smaller). The leaves of *H. canescens* are characterised by prominent lateral veins forming an acute angle with the midrib (lateral veins not very prominent and forming open angle with midrib in *H. natalensis*). As with *H. natalensis* the leaves smell of lavender when crushed. Handsome specimens can be observed at Uitsoek Forest along the Houtbosloop but the tree also occurs at Nelshoogte and Buffelskloof Nature Reserve.

Figure 5. Distribution map for ***Heteropyxis canescens***

Figure 6. Bark pattern of mature ***Heteropyxis canescens***

684 *Breonadia salicina* (mingerhout/matumi)

Palgrave (1991) describes *Breonadia salicina* as a large tree growing in low altitude riverine forests on the banks of permanent streams and rivers. This habitat description is very true for Nelshoogte where *Breonadia salicina* occurs along the Queens River as a medium size tree frequently standing in water. The tree is so dominant in the riverine forest that the stretch of trail is known as Matumi Lane.



Figure 7. Distribution map for ***Breonadia salicina*** in Africa and South Africa. Data available from GBIF (2019) and SANBI (2016).

Breonadia salicina is from the Rubiaceae (Coffee) family. It is a monotypic species growing throughout lowland riverine habitats from South Africa, Mozambique, Madagascar, Tanzania, Ethiopia, West Africa (Benin, Tongo and Burkina Faso), and the southern Arabian Peninsula (Yemen, Saudi Arabia) where its regarded as a very rare species (Gaafar et al, 2014).

Leafs are characteristically crowded on the ends of branches either arranged oppositely or in whorls. Leaves are simple, large (12 – 30 x 2.5 – 6 cm), hard and leathery with a lanceolate to narrow elliptic form. The petiole blends into a prominent yellow midrib. Flowers are small pale mauve, sweetly scented in compact round axillary heads at the end of branches (Palgrave, 1991). Fruits are small 2 lobed capsules densely clustered into spherical heads. The plant is a favourite muti plant and is prized for its timber (Palgrave, 1991). The bark is reputedly used for stomach ailments and as a tonic. Because of over utilization it is a protected plant in South Africa.

The plant can be confused with *Rauvolfia caffra* (kinaboom, quinine tree). All parts of *Rauvolfia caffra* contain white latex, the fruit is a fleshy berry, leaves are more thinly lethery and the leave veins are translucent.

Typical growth form, of ***Breonadia salicina*** along the Queens River at Nelshoogte Nature Reserve

Leaf form and arrangement of ***Breonadia salicina***

Figure 8. Photographs of ***Breonadia salicina*** taken at Nelshoogte during September 2019

Conclusion

Hiking trails can provide access to some very interesting trees, with a little bit of sweet and good observation skills. At Sokeng 53 tree species were noted, Uitsoek 76 tree species, Queen Rose in Nelshoogte Nature reserve 72 tree species and at Skeurkrans 102 tree species. The hike at Sokeng was done during a very dry time in the year and therefore the 53 trees are probably an under estimation. At Skeurkrans and Uitsoek unfortunately walking in mountainous terrain is the only solution to explore the areas tree diversity. At Sokeng and Queens River trees can be seen by driving and walking sort distances.

References

1. Coates Palgrave, K., 1991. Trees of Southern Africa. 5th Impression. Struik, Cape Town.
2. Gaafar, A.R.Z., Al-Qurainy, F. and Khan, S., 2014. Assessment of genetic diversity in the endangered populations of Breonadia salicina (Rubiaceae) growing in The Kingdom of Saudi Arabia using inter-simple sequence repeat markers. BMC genetics, 15(1), p.109.
3. GBIF.org 2019. GBIF Home Page. Available from: https://www.gbif.org [30 November 2019]
4. Mucina, L., Rutherford, M.C. & Powrie, L.W. (eds) 2007. Vegetation Map of South Africa, Lesotho and Swaziland, edn 2, 1:1 000 000 scale sheet maps. South African National Biodiversity Institute, Pretoria. ISBN 978-1-919976-42-6.
5. SANBI. 2016. Botanical Database of Southern Africa (BODATSA) South African National Biodiversity Institute. Available from http://newposa.sanbi.org/ [30 November 2019]
6. Schmidt, E., Lotter, M. and McCleland, W., 2002. Trees and shrubs of Mpumalanga and Kruger national park. Jacana Media

dit en dat
this and that

Bultende are op hardekoolboom

Naas Grové het hierdie fotos van ‘n hardekool by Baltimore in Limpopo afgeneem. Die lyk asof the boom besig is om dood te gaan met net nog ‘n paar yl takkies wat blare aan het (Foto 1 & 2). In fotos 3 – 6 kan ‘n duidelik verhewe ‘bultende aar’ aan die oppervlak van die stam waargeneem word. Wat is die verklaring vir hierdie verskynsel?

Foto 1

Foto 2

Foto 3

Foto 4

Foto 5

Foto 6

Prof. Braam van Wyk antwoord: Verhewe “are” op die stam van hardekoolboom

Lengtegroei van stingels by bome is slegs moontlik in die jongstadium wanneer nuwe selle in die groeipunte van stingels deur seldeling vorm. Boomstamme en ouer takke kan nie ‘‘rek’’ nie, maar neem wel in dikte toe.

Diktegroei word moontlik gemaak deur ‘n merkwaardige laag ongedifferensieerde (kiem-) selle wat voorkom op die oorgang tussen die hout en die bas. Dié laag selle staan bekend as die kambium (ook genoem vaatkambium). Kambiumselle kan herhaaldelik verdeel. Nuwe selle wat na binne vorm, aan die houtkant van die kambium, differensieer om nuwe houtweefsel te vorm. Indien die nuwe selle egter na buite vorm, aan die baskant, dan differensieer dit om nuwe basweefsel te vorm.

Houtselle en basselle het ‘n beperkte leeftyd waartydens hulle funksioneel is. Nuwe hout en nuwe bas moet voortdurend deur die kambium gevorm word, nie net om ouer nie-funksionele weefsel te vervang nie, maar ook om voorsiening te maak vir die groter behoefte aan vervoer van water en voedingstowwe soos wat die boom se kruin in grootte toeneem.

Indien verdeling van die kambium ritmies en seisoenaal gebeur, ontstaan min of meer konsentriese groeiringe. In hout word dié ringe as jaarringe geïnterpreteer en kan getel word om onder andere ‘n aanduiding van ‘n boom se ouderdom te verkry. Sonder ‘n aktiewe kambium kan geen nuwe hout en bas gevorm word nie en sal die boom mettertyd vrek. Bome wat geringbas word vrek in wese omdat die kambium vernietig is, gewoonlik deur uitdroging weens blootstelling aan die atmosfeer omdat die beskermende basbedekking verwyder is.

Die hardekool in die foto se kambiumweefsel het om een of ander rede grootliks gevrek en daarmee saam die geassosieerde hout en bas, asook daardie dele van die kruin wat dit van water en voedingstowwe voorsien het. Die dooie basweefsel is relatief sag en het lank gelede reeds ontbind en tans is slegs die onderliggende en meer bestande dog reeds verweerde dooie hout aan die omgewing blootgestel. Maar daar is steeds enkele takke met blare in die boom se kruin wat lewend is.

Die vervoer van water en voedingstowwe tussen die wortels en takke van bome vind plaas langs spesifieke roetes (gedeeltes) in die hout en bas. By hierdie boom is daar steeds ‘n funksionele hout en bas verbinding tussen die oorblywende lewende takke en hul geassosieerde wortels. Dit word verteenwoordig deur die duidelik verhewe gedeelte op die oppervlak van die stam (‘n ‘‘bultende aar’’ is ‘n gepaste analogie).

Hierdie weefsel is verhewe, eerstens omdat die bas nog lewe en nie soos elders aan die stam ontbind het nie, maar meer belangrik die kambium is nog lewend en vorm langs hierdie verhewe gedeelte steeds nuwe houtweefsel na binne en basweefsel na buite, alhoewel nie meer in konsentriese lae oor die hele omtrek van die stam nie. Met ander woorde, hierdie is die enigste deel van die stamomtrek wat nog in dikte toeneem. Al is die grootste deel van die boomstruktuur dood, kan hierdie ‘‘lewenslyn’’ nog vir ‘n lang tyd verseker dat gedeeltes van die boom se kruin aan die lewe bly. Hoe meer verhewe hierdie strook weefsel is, hoe langer het dit bly funksioneer nadat die res van die boom gevrek het; in die geval van die boom in die foto, ooglopend ‘n baie lang tyd.

Combretum imberbe – leadwood / hardekool

Bome draai kloksgewys

Fanie Steyn het die afgelope tyd in Limpopo iets raakgesien wat vir hom opvallend is. In die fotos is daar duidelike 'groewe' waarneembaar, almal draai kloksgewys om die boom na boontoe en wil graag weet hoekom. Hy het ook die verskynsel in telefoon en transmissie pale waargeneem, maar het dit nog nie by maroela en tambotie waargeneem nie.

Prof. Braam van Wyk antwoord as volg:

Bome draai kloksgewys

Spiraalgrein is die verskynsel wanneer hout van 'n boomstam of tak van buite beskou word, die houtvesels (grein) in 'n heliks rondom die stam se lengte as verloop, eerder as parallel daarmee, soos wat gewoonlik die geval is. In Fanie Steyn se foto's van 'n dooie stam word die spiraalgrein duidelik deur krake aangedui. Hierdie krake volg die orientasie van die houtvesels en ontstaan wanneer die hout tydens uitdroging krimp.

Indien die hout van die bopunt van die stam/tak se lengte-as bekyk word en die verloop van die heliks se windings na bo met 'n vinger gevolg word, dan is die patroon wat beskryf word of kloksgewys (regsom) of antikloksgewys (linksom). Die foto's wys dat die grein (volgens die voorafgaande definisie) antikloksgewys draai. Sou daar natuurlik van die onderpunt van die stam gekyk word, dan is die draairigting kloksgewys! Om moontlike verwarring wat op die manier kan ontstaan uit te skakel, verkies sommige mense om na kloksgewys (soos vanaf die bopunt bepaal) te verwys as linkshandig en na antikloksgewys as regshandig. Die ''handigheid'' van houtgrein (of te wel enige heliks) verander nie as 'n stam omgedraai word nie. Indien van buite na 'n heliks gekyk word, stel jou voor daarbinne is 'n spiraaltrap en die heliks is die handreling. As jy na bo klim met die trappe, watter hand sal jy op die reling plaas? As die reling aan jou regterkant is, dan is die heliks regshandig; andersins is dit linkshandig.

Terwyl sommige boomspesies selde opvallende spiraalgrein vertoon, is daar ander waarby dit meer algemeen voorkom. Die geneightheid van spiraalgrein om klokgewys of antikloksgewys te draai is soms ‘n spesie-spesifieke eienskap. Appelbome se grein is byvoorbeeld meestal kloksgewys terwyl dit by peerbome meestal antikloksgewys is. Maar by baie ander boomsoorte varieer die graad van ontwikkeling asook draairigting tussen bome en kan dit selfs in dieselfde stam wissel met ouderdom.

Die talle voorgestelde redes waarom spiraalgrein ontwikkel is steeds grootliks spekulatief. Daar is egter geen wetenskaplike getuienis dat die draairigting enigsins verband hou met of die boom in die noordelike halfrond of die suidelike halfrond groei nie, ook nie dat dit deur die heersende windrigting beïnvloed word nie. Net soos wat rankplante se stingels by meeste spesies antikloksgewys om ‘n stut slinger, so is die geneigtheid van hout om spiraalgrein te ontwikkel, asook die draairigting daarvan, by sommige spesies in ‘n mindere of meerdere mate geneties-bepaal.

Die moontlike voordele, indien enige, wat spiraalgrein vir ‘n boom inhou is nie duidelik nie. Een hipotese is dat dit ‘n mate van buigbaarheid aan stamme gee wat die spanning wat daarop geplaas word in ‘n mate buffer wanneer bome se kruine deur sterk wind geswaai word.

Plant photographs and captions for identification: basic tips

Naas Grové

Plant collection

Before you start collecting plants, you need permission to collect, as well as the right equipment, maps, vehicles, and emergency supplies. For a detail guide on how to collect herbarium specimens refer to Herbarium Essentials. The Southern African Herbarium User Manual, Southern African Botanical Diversity Network Report No. 25 2004

https://www.sanbi.org/sites/default/files/documents/documents/sabonet-report-no-25-herbarium-essentials-southern-african-herbarium-user-manual.pdf

Plant photography for identification purposes

Notes when taking photographs

1. General information
   - Date photo taken
   - Name of photographer
   - File name of the photo
2. Location information
   a. Location description
      Begin with the country and then become more specific.
      For example: South Africa, Leolo Mountains, Sekhukhuneland Center of Endemism, Limpopo Province, South Africa
      GPS Location
      Can be of the general area rather than for each plant, i.e. around GPS coordinates
      24 ° 21'13.49'' S / 29 ° 55'31.48'' E
      Altitude ~981m
   b. Habitat profile
      Brief description: Type of vegetation, i.e. relative abundance / species richness of all plant species occurring

3. Gestalt Dendrology: Looking at the Whole Tree



4. Close-up pictures of specific outstanding leaf features



5. Close-up pictures of other specific outstanding features

Old tree at Brackenhill

Georg von dem Bussche
Retired Forester

Eucalyptus globulus

Not far from the spectacular Brackenhill Waterfall a very old and tattered and slowly dying blue gum tree (*Eucalyptus globulus*) is granted its old-age rest by the responsible forestry authority (at present MTO), surrounded by healthy pine plantations. This old monster however is still a living memory of a historical occasion, which has been described in detail by many and mostly in different ways. The story is based on the visit of the young Prince Alfred, son of Queen Victoria, to Knysna in 1867. He received a royal reception, which included an elephant hunt, which can be described in today's terms more an ''Elephant Murder'', however who are we to morally judge the sports of olden days.

Legend has it that a *Eucalyptus globulus* tree was planted at the site were the elephant was finally shot by His Royal Highness near the Brackenhill Waterfall. This old tree, today 152 years old reminds us of the fatal (but historical) occasion.

This short note, with a recent photo of the old tree, is supposed to serve as a document to remind us of the longevity of trees, the historical visit of His Royal Highness and the abundance of elephants, which roamed freely in the indigenous forests of the Garden Route only 150 years ago.

nuus uit die takke
news from the branches

Waterbergtak uitstappies na vêr plekke

Gertie Oosthuizen

Combretumpark

Die taklede het in April 2017 'n naweek-uitstappie na Combretumpark naby Modimolle onderneem. Hier het ons verskeie *Combretum* spp, krinkhoute, kurkbasklappers, bosveldkatjiepierings, vyebome, stinkwitgatte, doppruime en vele meer bewonder. Die park het baie verskillende biome wat meebring dat daar 'n groot verskeidenheid bome en voëlspesies voorkom.

Ons het kierrieklapper-tee gedrink en aan Andries se heerlike mieliepap gesmul.

Hoewel daar meer as twintig lede die daguitstappie meegemaak het, het slegs sewe lede vir twee aande daar oornag.

Punda Maria

In Februarie, 2018 het twintig lede van die Waterbergtak by Punda Maria-kamp in die Kruger Nasionale Park vir vyf dae bymekaargekom om bome te identifiseer en om die besondere skoonheid van elk in te neem. Alhoewel dit baie droog was, het dit daardie nag begin reën en was ons geseënd om koel, bewolkte weer vir die res van die week te hê.

Foto 1

Maandag en Dinsdag het die groep langs die Flycatcher-paadjie en in die kampeer-area bome geïdentifiseer. Woensdag is die Mahogany-sirkelroete met vier voertuie verken. Radioverbinding met Dr. Carel Pretorius, Andries van Niekerk en Douwe van Wyk het gehelp om interessante bome, soos anabome, langs die pad uit te wys. Donderdag het die groep weer na die Pafuri piekniekplek en Crooks Corner, in vier voertuie gereis, almal in radio kontak met mekaar.

Dit was asemrowend om die groot kremetartbome en die koorsboomwoud van naderby te sien. Die koorsboomwoud is 'n bietjie uitgedun na die laaste vloede. Ontbyt is op die oewer van die Levhuvhurivier onder die reuse jakkalsbessies genuttig.

Daar is altesaam 121 bome uitgeken, baie van hulle was vir ons 'n eerstemaal.

Blouberg

Gedurende Mei 2019 het die Waterbergtak die Bloubergnatuurreservaat in Limpopo onder leiding van Andries van Niekerk (voorsitter) en Dr. Carel Pretorius, vir vyf dae besoek.

Foto 2

Die natuurreservaat is aan die voet van die Blouberg geleë, wat deel van die Soutpansberg is. Die reservaat beslaan 9 300 hektaar en daar word 'n geweldige groot verskeidenheid boomspesies aangetref. Dr. Pretorius skryf dit aan die wisselende grond-tipes van die reservaat toe.

Noemenswaardige boomspesies is die groot kremetarte, verskeie kanniedood spesies, rusperboontjie, njalaboom, appelblaar, trosvy, groot haakbessie, wollerige kapperbos en grootblaarvalsdoring. Dan is daar ook sambokpeul, klokkiesboontjie, knoppiesboontjie, bergmahonie, towerghwarrie, sterkbos, vlamklimop, bergvalsdoring, wurmbasvalsdoring en vele meer.

Die kransaasvoël is 'n bedreigde spesie wat endemies tot Suider-Afrika is. Hierdie broeikolonie met sowat 1 200 broeipare, is die grootste ter wêreld en was 'n skouspel want 'n groot aantal van hierdie majestieuse voëls het bo die kranse gesweef. Dit was duidelik dat die broeiseisoen reeds begin het, aangesien ons kon sien hoe sommige met nesmaak-materiaal in hul bekke gevlieg het.

In die vyebos wat mens aan Magoebaskloof se woude herinner, het almal piekniek geniet.

Saans het die lede almal, na 'n lang opwindende boom-ontdekkings-dag, by die lapa saamgekom om braaivleis en smullekker pap uit Andries se driepootpot te geniet. Hier het Dr Pretorius voortgegaan om almal met interessante stories van bome en die natuur te vergas.

Die Waterbergtak het 'n groot aantal van die unieke bome in die kampe en hoof-roetes van boom-identifikasieplaatjies voorsien. Die lede sal weer eendag na hierdie boomparadys moet teruggaan om nog meer van die reservaat se groot verskeidenheid boomspesies te identifiseer.

Bloubergnatuurreservaat kan verseker as 'n boomliefhebber se paradys beskou word.

Gevolgtrekking:

Teen die verwagting in, het die laaste twee uitstappies getoon dat lede tydens langafstand uistappies wel bereid is om vir langer periodes, oor te slaap.

Outeniqua Branch of the South African Dendrological Society 2019

Robert Smith

This past year, the Outeniqua area has been the recipient of relatively favourable climatic conditions which has meant that growing conditions for trees, forests and gardens have, in the main, been positive. The important outcome of this is that there has been good sustainable recovery in areas damaged in the severe fire storms of the past two years. Recovery of vegetation, either through regrowth in the form of resprouting of certain species as well as new growth through seed germination, has meant that the worst ''scars'' from the fires have been covered over with new growth. Alas, one of the more negative outcomes of this new regrowth has been the perceptible amount of alien vegetation which has taken root and dominated certain areas with virile and uncontrolled vigour. Mercifully, numerous initiatives from the authorities and the public at large has led to the creation of a strong awareness and the introduction of dedicated teams which are actively engaged to counteract the effect of the alien weed problem, especially in and around the towns.

The January outing this year was held at the marvelous Ebb and Flow Nature Reserve near Wilderness, where the well wooded and tended camp site, forest dune scrub, fynbos as well as well conserved riverine high forest, were all appreciated.

The March outing took members to the remarkable ecological initiative undertaken by the invincible and enterprising couple, Debbie Stanley and Hatti Thesen. These two have been running the Eco-Ed training facility near Harkerville for the past decade. In the process they have managed to reach out to numerous children who, under the existing educational system, would have possibly never had the opportunity to be exposed to such an ecological experience. The Dendro visitors were broken up into competing groups and subjected to the same learning experience offered the children. This experience was well received to the great amusement of some who were baffled by the cryptic clues and spent much time puzzling over answers which the children would have also encountered. Being ex-teachers, this method of teaching has obvious advantages for young and old!

The Mid-week outing was to the De Vassselot Nature Reserve in Nature's Valley. This very popular resort and area did not disappoint. An opportunity to view the magnificent pristine riparian forest all set about with cathedral-like Yellowwoods, Stinkwoods, Ironwoods and many more, provided an ideal opportunity to appreciate fully the majesty of one of the last few remaining bastions of untouched coastal Afro-montane forest. A walk was undertaken through the town area of Nature's Valley.

This area has been subject to the forces of urbanization for the last century, and it was not surprising to see numerous exotic garden trees in the village. In spite of this, either through conscious planting or through the natural process of seed dispersal by birds and mammals, a large amount of indigenous vegetation has flourished in the town. The group contacted Trynie Roberts who described the efforts of certain residents who actively encourage the use of natural vegetation in their gardens. A great number of properties have vegetation which is entirely indigenous, while some are not.

The July outing was to the Pledge Nature Reserve in Knysna. This Reserve was almost totally ruined by the firestorm of 2017 to such an extent that all of the fynbos and most of the planted forest was unrecognizably denuded. Very energetic rehabilitation initiatives have been undertaken by the Trustees and Management which has resulted in almost all the opportunistic alien vegetation being eliminated accompanied by successful re-planting of young tree species which occur naturally in the area. Most encouraging was to hear of the selfless generosity of various donors who in many ways gave of their time and money to sponsor new trees for planting or simply to help with weed clearing and general restoration work.

In September, a very worthwhile visit was made to Jenny and Stuart Herd's farm Hidden Valley situated along the banks of the Karatara River. This farm was spared from the burning which ravaged the opposite side of the River two years ago, so it was most interesting to see what the Herds are doing to ensure that the fuel load is not unmanageable should a fire break out in their area. Under Jenny and Stuart's careful watch, the farm has been entirely cleared of alien vegetation and local indigenous fynbos and dry scrub bush vegetation is now flourishing throughout the property.

The annual year-end outing was held in the Diepwalle Forest Station under the expert leadership of Georg von den Bussche. Georg's aim with this outing, was to introduce the group to the Diepwalle Arboretum, in order to show how forest can recover from fire as well as to show how forestry practices of the last century (however inept by modern standards) has given pointers for present day thinking. Georg showed how a part of the forest was denuded in the fires of 1868 and how this had recovered by natural plant regrowth facilitated by the dispersal of seeds by birds and mammals. A further part of the forest had suffered total clearing by previous woodcutters. These various "blocks" had been singled out for regeneration in the early part of the 1930's. Only selected tree species were planted in each block as a monoculture. Each of these blocks which contained only one tree species, was monitored over the years to see what effect the planting would have on regrowth. Various practices were followed to see the effect of each on re-establishment. Some parts were cleared on a five-yearly basis of all the natural regrowth and some were left uncleared – only alien species were removed here. The conclusion drawn was that those areas where regrowth was left unchallenged showed more vigorous regrowth and with more diverse forest tree species than those that were continuously cleared. Another lesson was that certain species, such as *Podocarpus henkelii*, which do not occur naturally in this region, showed the most robust growth of all the species, and what is more, this area where

they were planted showed virtually no regrowth of naturally dispersed vegetation at all. The *P. henkelii*, thus, demonstrated an ability to suppress the regrowth of other tree species thus allowing only their own species to survive. Various explanations were discussed about the cause of this. One proposal was that they possibly occurred here in the deep geological past but had been squeezed out by the effects of previous climate change episodes and now felt very comfortable being reintroduced here. This could be the basis of scientific studies of this phenomenon in the near future. As is customary with Georg's talks, the group left with a great to think about!

Finally, I would like to extend my deepest thanks to all those who help to make our outings such a success. To Ariane Rholoff for holding the purse strings and for keeping us abreast of activities. To all who make our outings a success with their detailed arrangements and preparations – Ina Engelbrecht, Chris Gow, Ursula Peter, Georg von den Bussche and Jenny Herd a great word of thanks.

Pilanesbergtak 2019

Henry Francis – pilanesberg@dendro.co.za

Een van die talle rotspoele by Milhoro

Die Pilanesbergtak is hoofsaaklik gebasseer in Rustenburg en die westelike deel van die Magaliesberg is op ons voorstoep. Ons ledetal staan op 51 en is hoofsaaklik van Rustenburg, Brits, Koster, Swartruggens en Groot Marico se wêreld. Daar is 'n nuwe bestuur gekies in 2019 met Henry Francis as die voorsitter, Belinda Cornelius as sekretaresse en Naas Grové as addissionele lid.

Die tak oorhandig elke jaar drie wissel trofeë in die kategorieë Grootboom van die Jaar, 'n Familie trofee en die Arbor Scientia trofee. Tydens die afsluiting verlede jaar het dit onderskeidelik aan Clive Richter, die Van Beek-familie en Henning Visser gegaan. Die tak het 'n goeie jaar gehad met betrekking tot uitstappies en aandbyeenkomste.

Daar is aan die begin van 2019 met uitstappies na Milhoro Lodge en na Kgaswane Natuur Reservaat, albei in die Magaliesberg, afgeskop. Beide uitstappies word gelei deur Naas Grové en was baie insiggewend. Die naweek uitstappie na Swebeswebe Natuur Reservaat in die Waterberge naby Lephalale was 'n gekombineerde uitstappie saam met die Magaliesbergtak. 'n Groot verskeidenheid boomspesies is hier aangetref en was voorwaar die moeite werd.

Gedurende die wintermaande is twee aandbyeenkomste te Rustenburg gehou waar Naas Grové interessante aanbiedings gedoen het oor die *Euclea* en *Diospyros* genera. Gedurende Oktober 2019 doen Henry en Naas 'n Dendrologiese Vereeniging uitstalling tydens die Bloubessie en Kersiefees te Milhoro lodge wat byval vind by talle feesgangers. Ons laaste uitstappie is na Rustenburg Hoërskool se Arboretum, die enigste skool in Afrika met die geakkrediteerde status van die Morton Register of Arboreta geniet . Na elke uitstappie is daar soos gebruiklik lekker gesellig saam gekuier en gebraai.

Ons glo en vertrou dat 2020 selfs meer opwindend sal wees met uitstappies wat gereël is na interessante boombestemmings en 'n verskeidenheid veldtipes. Indien daar lesers is wat graag van ons aktiwiteite wil bywoon kan hul my gerus kontak om die nodige reelings te tref.

Die aandbyeenkomste in die winter is gewild en word goed bygewoon

Magalies Tak Jaarverslag

Theunis Morgenthal –Takvoorsitter
Izak van der Merwe – Sekretaris

Die jaar 2019 was `n besige tyd vir die Magalies Tak. Die tak het elke maand, behalwe Augustus, iets aan die gang gehad. Na baie jare se diens het André de Villiers sy voorsitterskapbaadjie opgehang. Theunis Morgenthal is verkies as nuwe voorsitter van die Magalies Tak.

Magalies Tak jaarprogram vir 2019

Maand	Aktiwiteit
Januarie	Jan Cilliers Park
Februarie	Donkerhoek
Maart	Magaliesberge – Groot- enYsterhoutkloof
April	Walter Sisulu Botaniese tuin
Mei	Voortrekker Monument
Junie	Marakele Nasionale Park
Julie	Merk bome by Jan Cilliers Park
Augustus	Rus – Geen aktiwiteit nie
September	Boomplant by Faerie Glen Natuurreservaat en uitstappie na Skuilkranskopje
Oktober	Buffelskloof Privaat Natuurreservaat
November	Marulani jaareinde

Vier naweekuitstappies is gehou met die idee om minstens beide 'n behoorlike bosveld- en wouduitstappie te reël vir die jaar. Vier oggend/daguitstappies is gereël in en om Pretoria. Ekstra moeite is ook gedoen om die bome by Jan Cilliers Park in Groenkloof te merk. Die park het vir die Magalies Tak `n spesiale plek geword, met sy groot verskeidenheid inheemse bome waarvan meeste ongewoon is vir Pretoria.

Ons eerste naweekuitstappie was by Groot- en Ysterhoutkloof tydens 9-10 Maart in die Magaliesberge. Oorspronklik was die plan om Hammerkopkloof te besoek, maar toegang tot die kloof was nie maklik om te reël nie. Gelukkig het die voorsitter vir Vlam Pieterse leer ken op een van sy stappe as deel van 'n stapklub. Vlam het in die omgewing grootgeword en ken die twee klowe soos die palm van sy hand. Tydens die uitstappie na Groot-en Ysterhoutkloof, is 100 bome gelys. Dit was besonders om beide die smalblaarwasbessie en breëblaarwasbessie te sien. Alhoewel dit moontlik is dat daar meer rooistinkhout voorkom, is daar slegs een boom waargeneem aan die onderkant van Grootkloof. In die sykloof, wat Groot- en Ysterhoutkloof verbind, staan daar ook `n paar hophoutbome, wat nie algemeen is vir die Magaliesberge nie. In die klowe kom pragtige groot without, stamvrug, moepel en bosveldysterhoutbome voor. Die Magalies se klowe bied voorwaar `n groot verskeidenheid, maar die kranige boomkyker moet bereid wees om bietjie klouterwerk te doen.

Die diep klowe van Groot-en-Ysterhoutkloof

Vir die tak se bosveld uitstappie, is Marakele Nasionale Park besoek die naweek van 15-16 Junie. Op die spyskaart was `n besoek aan Tlopi, wat `n rivieroewerbos is. Ongelukkig kon ons nie die hoof oewerbos besoek nie a.g.v. olifante in die nabyheid. Ons het wel doringolm, Kaapse kastaiing, geelkeur en witysterhout gesien. Die middag het ons die uitkykpunt besoek, waar opregte geelhout, bergsipres en rotshardpeer groei, asook 'n hele paar protea spesies, insluitend die minder algemene troshofiesuikerbos en witsuikerbos. Die Sondagoggend was `n geleentheid om in die park rond te ry met `n wildritvoertuig en uit te kyk vir besondere bome, waarvan dopperkiaat volop te siene was tydens die rit. Tydens ons naweek het ons 120 bome gelys. Marakele bied verskeie habitate van bosveld, rivieroewerbos, tipiese Waterberg suurbosveld, en bergveld.

Tlopirivierbos in Marakele Nasionale Park

Die naweekuitstappie na Buffelskloof Privaat Natuurreservaat was voorwaar die hoogtepunt van die jaar se uitstappies, veral as John Burrows homself beskikbaar stel om `n uitstappie te lei. Dít is 'n plek waar selfs die gesoute dendroloog nog `n les of twee kan leer. Tydens die naweek is 125 bome opgemerk waarvan meestal woudspesies is, soos rooipeer, berghardepeer, assegaai, lemoenhout, wildekweper, rooistinkhout, wildepruim, Kaapse swarthout, boslaventelhout en kannabas, om `n paar te noem. Op gedeeltes in die kloof staan pokysterhout dominant uit. Die droë noordelike valleihange word gedomineer deur valsperdehout. Tússen die valsperdehout kan mooi voorbeelde van rooistamkanniedood gevind word.

Die paar van ons wat die Sondag vir oulaas ‘n paar bome probeer opsoek het. Van links na regs: Ria, Owen, Ivan, Tessa en Theunis.

John Burrows vertel van die interessante geskiedenis van Buffelskloof.

Die bokant van Buffelskloof

Die grootmirting

John het spesifiek die teenwoordigheid van blinktaaibos, wat in die woud groei, uitgewys, wat `n aanduiding is hoeveel die woudbome die omring en die grasveld ingeneem het. Hy verduidelik dat blinktaaibos as pionierstruik verkies om in vol son te groei en die teenwoordigheid daarvan dui daarop dat groot gedeeltes eintlik grasveld was voorheen. Voor die kloof uitgeklim word raadpleeg John om uit te kyk vir die terrasmuurtjies wat deur die vroeëre inwoners van hierdie kloof gemaak is vir gewasverbouing. Duidelik was die konsep van grondbewaring reeds deel van die kultuur van die inboorlinge wat hier gewoon het. Ou murasies is teëgekom wat aandui waar hulle gebly het. In die middel van die murasies, staan een reuse koraalboom. John verdudelik dat dit praktyk was, wanneer ‘n stamhoof afsterf, om `n koraalboom op sy graf te plant. Om te luister na al die stories van die mense wat hier woonagtige was, bring beelde op oor hoe hierdie kloofhange moes gelyk het donkiejare gelede. Ons stap dieselfde voetpad uit wat die inwoners ‘n paar honderd jaar terug gemaak het… wat `n belewenis.

Deur die jaar was die Magalies Tak ook betrokke by die Gaufees en het soos oudergewoonte gehelp om kampioenbome te beoordeel by skole. Die tak besoek ook die Voortrekker Monument waar ons in die nuwejaar beplan om te help met die identifiseering van bome waar plaatjies aangebring kan word. Ons lei ook `n boomekskursie saam met die

Vriende van Moreletakloof Natuurreservaat om bewustheid rondom bome te bevorder. Boomplantweek is gevier deur weereens ‘n boom (blompeer) te plant by die Faerie Glen Natuurreservaat en na afloop daarvan vir ‘n stappie te gaan by die Skuilkrans Kopje, ‘n 10 hektaar koppie in Murrayfield, saam met Vriende van Skuilkrans Kopje.

Die tak sluit die jaar af by Marulani, Prof André De Villiers se wegbreekhuisie, in die Waterberge. Na afloop van meer as 50mm reën die vorige week, ná ‘n baie droeë seisoen, was ons net betyds vir nuwe blare en die geel blomme van lekkerbreekbome, asook die laventelkleurige poerabessie. Die bestuur van Magalies sê dankie aan elkeen wat die moeite gedoen het om ons uitstappies te ondersteun en by te woon.

Poerabessie (***Vitex pooara***) in blom by Marulani.

Magalies Tak lede by Marulani ter afsluiting van die tak se aktiwiteite vir die jaar.
Van links na regs: Izak van der Merwe (voor), Gert Middelberg (agter), Ivan Riggs, Owen Brett (en kleinseun Nathan), Izak en Nelia Lombard (nuwe lede), Tessa Joubert, Herman Jacobs en André de Villiers. Louise Kritzinger en Johan Rosemann buite foto.



***Craibia zimmermannii* – sandertjiehout / sand peawood**
Snow white scented flowers

Postal: Postnet 2054, Private Bag 82234, Rustenburg, 0300
Telephone • 082 575 4244 • Fax: 086 670 7715
Web: www.dendro.co.za • E- mail: secretary@dendro.co.za
Facebook: www.facebook.com/DendroSA

Posadres: Postnet 2054, Privaatsak 82234, Rustenburg, 0300
Telefoon: 082 575 4244 • Faks: 086 670 7715
Web: www.dendro.co.za • secretary@dendro.co.za
Facebook: www.facebook.com/DendroSA